## UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE VOORNEME VAN DIE MINISTER VAN LANDBOU, GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING OM 'N AKTEREGISTRASIEKANTOOR TE VESTIG TE MAHIKENG IN DIE NOORDWES PROVINSIE EN OM DIE REGSGEBIED VAN DIE AKTEREGISTRASIEKANTORE IN VRYBURG, KIMBERLEY EN PRETORIA TE HERBELYN EN TE WYSIG

Die publiek en alle belanghebbende partye word uitgenooi om kommentaar te lewer op die voorneme van die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling om 'n akteregistrasiekantoor te vestig in Mahikeng in die NoordWes Provinsie, om die area van jurisdikdie van die akteregistrasiekantore in Kimberley, Pretoria en Vryburg te herbelyn en te wysig, soos hieronder uiteengesit:

Ingevolge artikel 1 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), kan die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling van tyd tot tyd, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, by kennisgewing in die Staatskoerant—

- Registrasiekantore stig of afskaf;
- Subregistrasiekantore binne die gebied van registrasiekantore stig of afskaf; en
- Die name en ligging van sodanige kantore bepaal, die onderskeie gebiede daarvan omskryf, of so 'n bepaling of omskrywing wysig.

Die doel van die bogenoemde is om verbeterde toegang tot akteregistrasiedienste vir alle burgers van die provinsie te verseker. Die huidige diensleweringsmodel is van só 'n aard dat kliënte lang afstande moet aflê na Vryburg om toegang tot akteregistrasiedienste te verkry. Die bogenoemde wysigings, sal verseker dat die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling grondwetlike hervormings in die huidige diensleweringsmilieu implementeer.

**Uitnodiging om skriftelike voorleggings/kommentaar:**
Die publiek en alle belanghebbende partye word hiermee uitgenooi om skriftelike voorleggings te maak / kommentaar te lewer in verband met die volgende voorstelle:

- Die vestiging van 'n akteregistrasiekantoor in Mahikeng om uitsluitlik te deel met transaksies wat verband hou met grondgebiede wat binne die area van jurisdiksie van die Bojanala, Ngaka Modiri Molema en Dr Kenneth Kaunda distriksmunisipaliteite val;
- Die identifisering, skeiding en oordrag van grondgebiede wat tans binne die regsgebied van die Noord Kaap Provinsie val en mee gedeel word in die akteregistrasiekantoor te Vryburg, vanaf die akteregistrasiekantoor te Vryburg na die akteregistrasiekantoor te Kimberley;
- Die identifisering, skeiding en oordrag van grondgebiede wat tans binne die area van jurisdiksie van die Noordwes Provinsie val en mee gedeel word in die akteregistrasiekantoor te Pretoria vanaf die akteregistrasiekantoor te Pretoria na die korrekte akteregistrasiekantoor in NoordWes;
- Die wysinging van die area van jurisdiksie van die Vryburg akteregistrasiekantoor, geleë in Vryburg ten einde slegs te deel met transaksies wat verband hou met grondgebiede wat binne die area van jurisdiksie van die Dr Ruth Segomotsi Mompati distriksmunisipaliteit val.

**Skriftelike voorleggings / kommentaar moet geaddresseer word aan:**
Vir aandag van:
Die Hoofregistrateur van Aktes
Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling
Privaatsak X918
Pretoria 0001
E-pos aan: deeds.alignment@dalrrd.gov.za of kontak: Mnr Calvin Ranwedi Neluvhola (012 338 7124)

Skriftelike voorleggings / kommentaar moet die Hoofregistrateur van Aktes binne 30 dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing bereik, en voorleggings/kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word, mag geïgnoreer word.

**Let ook asseblief op die volgende:**
1. Verdere inligting aangaande die beoogde administratiewe handelinge sal op Maandae, Dinsdae en Woensdae slegs tussen 10h00 en 13h00 beskikbaar wees vanaf die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die Staatskoerant, tot met die sluitingsdatum vir voorleggings / kommentaar, met uitsluiting van openbare vakansiedae, by die betrokke onderstaande beamptes:

**Petoria Registrasiekantoor:**
Ms Getrude Ngapo, corner Bosman and Pretorius Street, Office 412, 4th floor, Merino Building, office telephone: 012 338 7274/ 7034 /8305 / cellular telephone: 082 229 0502; email: Getrude.Ngapo@dalrrd.gov.za

**Kimberley Registrasiekantoor:**
Mr Jeffrey du Plooy, Deeds Office Kimberley, New Public Building, c/o Knight & Stead Street, Kimberley, 9th Floor, Room 9.24, office telephone: 053-8327228, email address: Jeffrey.Wayne.DuPlooy@dalrrd.gov.za

**Vryburg Registrasiekantoor:**
Mr Kebonethebe Mothibi, Assistant Registrar of Deeds, Deeds Office
Vryburg, 2 De Kock St, Vryburg, 8601, Cellular Number: 082 801 5403, Office Telephone: 053 928 1500, Email address: Kebonethebe.Mothibi@dalrrd.gov.za

2. Skriftelike voorleggings/kommentaar mag in enige amptelike Suid-Afrikaanse taal wees.

3. In gevalle waar voorleggings/kommentaar na die sluitingsdatum ontvang word, en afgekeur word op grond daarvan dat dit laat ontvang is, kan versoeke om kondonering van laataansoeke toegestaan word, welke versoeke om kondonering toegestaan kan word op grondige redes aangevoer deur die persoon wat die kommentaar ingedien het, met dien verstande dat sodanige kondonering nie aanleiding sal gee tot onnodige vertragings of andersins die publieke belang sal benadeel nie. Gronde vir kondonering moet skriftelik ingedien word nie later nie as vyf (5) werksdae na die sluitdingsdatum vir voorleggings/kommentare.

4. Nadat alle voorleggings wat van belanghebbende en geaffekteerde partye ontvang is deur 'n Interne Hersienings Paneel oorweeg is, sal die Minister se besluit ten opsigte van die wysiging van die regsgebiede van die Vryburg-, Pretoria- en Kimberley-registrasiekantore, in dieselfde Staatskoerant gepubliseer word, sowel as in druk en elektroniese kommunikasie platforms.

5. Belanghebbende en geaffekteerde partye mag daarna teen die beslissing appelleer, en die appèlproses sal duidelik in die voorafgenoemde publikasies uiteengesit word.

Vir die gedetaileerde kennisgewing besoek: www.dalrrd.gov.za

**MEV A. T. DIDIZA, MP (GETEKEN)**
**MINISTER VIR LANDBOU, GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING**

agriculture, land reform & rural development
Department:
Agriculture, Land Reform and Rural Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP